# DIE TARENTAAL

## Jaargang 26 Uitgawe 1

## Julie tot September 2014



**STREEK SUID-OOS**

**"Suid-oos 25 Jaar"**

# INHOUD


Voorblad..................................1

Inhoudsopgawe.........................2

Oordenking...............................3

Oordenking...............................4

Redaksioneel.............................5

Uit die Voorsitter se pen...........6

Uit die Voorsitter se pen...........7

Swaziland toer...........................8

Swaziland toer...........................9

Emanzini Suid-Oos 25..............10

Emanzini Suid-Oos 25..............11

Emanzini Suid-Oos 25..............12

Kongres 2014............................13

Kongres 2014............................14

Verjaarsdae...............................15

Koppiesol Nasionale Kamp......16

Koppiesol besprekings Vorm...17

Voogde lys................................18

Voël Rubriek..............................19

Voël Rubriek..............................20

Kampkos...................................21

Kuiken Prestasies.....................22

Kuiken Prent.............................23

SAWA Waardes.........................24

# Die Bybel en die Kole Mandjie

Die storie word vertel van 'n ou man wat op 'n plaas in die berge gebly het saam met sy jong kleinseun. Elke oggend vroeg was Oupa al op en het by die kombuis tafel gesit en uit sy ou verslete Bybel gelees.Sy kleinseun, wat net soos sy Oupa wou wees, het hom nageboots in alles wat hy doen.



Een dag toe vra die kleinseun hom,

> "Oupa, ek probeer elke oggend die Bybel te lees net soos jy, maar ek verstaan dit nie en dit wat ek verstaan vergeet ek so vinnig soos wat ek die Bybel weer toemaak. Watse goed doen dit om die Bybel te lees?"

Die Oupa draai stadig om terwyl hy besig was om kole in die koolstoof te sit en sê, "Neem die kole mandjie na die rivier en bring vir my 'n mandjie vol water terug." Die seun het gedoen soos sy Oupa hom gevra het, alhoewel al die water uitgeloop het deur die mandjie nog voordat hy die huis kon bereik.

Die Oupa lag en sê, "Jy sal volgende keer bietjie vinniger moet wikkel met die mandjie water," en stuur hom terug rivier toe met die mandjie om weer te probeer.

Die keer hardloop die seuntjie vinniger, maar die mandjie was weer leeg voordat hy by die huis aankom. Uitasem, vertel hy sy Oupa dat dit onmoontlik is om water in 'n mandjie te dra en hy gaan haal die emmer op die stoep om te gebruik in plaas van die mandjie.

Die Oupa antwoord, "Ek soek nie 'n emmer water nie, ek soek 'n mandjie water. Jy kan dit doen. Jy probeer net nie hard genoeg nie," en hy stap buitentoe om die seun dop te hou terwyl hy weer probeer.

## Die Bybel en die Kole Mandjie (vervolg)

Op die stadium het die seun besef dit is hopeloos om dit reg te kry maar om aan sy Oupa te bewys al hardloop hy so vinnig as wat hykan, daar is nie 'n manier wat die water nie sal uitloop voordat hy by die huis is nie.

Die seun skep die water en hardloop vir al wat hy werd is maar toe hy by sy Oupa uitkom is die mandjie weereens leeg.

Uitasem, hyg hy, "Sien Oupa, dit is hopeloos!"

"So jy dink dit is 'n hopelose saak?" sê die Oupa, "Kyk na die mandjie." Die seun kyk na die mandjie en vir die eerste keer besef hy dat die mandjies anders lyk. In plaas van 'n ou vuil kole mandjie, was dit nou skoon.

> "Seun, dis wat gebeur as jy die Bybel lees. Jy mag dalk nie miskien alles verstaan of onthou nie, maar wanneer jy dit lees, sal dit jou van binne verander."

Dit is die werk van God in ons lewens.

Om ons te verander van binne na buite en om ons stadig te omvorm na die beeld van Sy Seun.

Neem tyd om 'n stukkie van Vader se Woord elke dag te lees. Bid dat Hy dit sal gebruik om jou hart en verstand na Hom te keer.

---------- .... ----------

Psalm 119:9 Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou?
**Deur dit te hou na U woord!**


"Deur Geloftebоer"

# Redaksioneel




Die nuwe SAWA jaar het afgeskop en net soos met die nuwe jaar op die 1ste Januarie het ons almal ook nuwe jaars voorneme gemaak soos om n 100% kamp bywoning te hê, of om meer tyd met my gesin in die natuur deur te bring.

Met die afgelope AJV het ons kampeerplekke genomineer waar ons wil kamp asook ons Bestuurspan wat ons wil hê om ons te lei.



So, kom ons ondersteun hulle en woon soveel moontlik kampe by en vervul so ook ons nuwejaars voorneme.

As jy dalk enige nuus oor lie of leed, of oor jou kinders-kleinkinders se prestasies het. Stuur asb. aan lourensoosthuizen4@gmail.com of bel 082 941 7531 /

# Uit die Voorsitter se Pen



As voorsitter vir 2014/2015 is dit my voorreg om hierdie boodskap te skryf. Baie dankie aan die lede wat my genomineer en gekies het. Ek vertrou dat ons, soos in die verlede, lekker gaan saamwerk, eerstens tot eer van die Vader, maar ook tot eer van die groter SAWA.

Ek wil graag 'n uitnodiging rig aan al ons lede om my te kontak met enige probleme, vrae en voorstelle. Kom ons kyk of ons nie in die volgende jaar ons ledetal kan uitbrei nie.

Die wat ons AJV en verjaardag bygewoon het, sal weet dat dit 'n reuse sukses was. Baie dankie weereens aan elkeen vir jul harde werk en insette. Sonder julle sou dit nie moontlik gewees het nie.

Die naweek van 8 tot 10 Oktober 2014 is 'n Nasionale kamp by Koppisol waar tydens SAWA hul 45ste verjaardag vier. Dit beloof om 'n groot Makietie te wees.

Aangesien die kamp by Bethal gekanselleer is wil ek tog vra dat soveel as moontlik van ons daarheen sal optrek

Sal julle graag daar wil sien. Kyk verder in die boekie vir die besprekings vorm . Dis reeds deurgegee aan die voogde en is ek seker dat almal reweet, bied Suidoos en die Luiperds volgend jaar die Presidente aan. Die naweek van 24 tot 26 Oktober hou ons die 1ste beplannings naweek te Klipdraaieds daarvan bewus is.

Soos julle almal . Enige een wat wil kom saam kamp en deel wees van die vergadering is welkom. Julle almal se insette en voorstelle is baie nodig en sal waardeer word. Ons gaan as 'n span saamwerk om van hierdie geleentheid 'n groot sukses te maak soos in die verlede. Die kostes vir die naweek sal later aan julle deurgegee word. Miskien kan die wat belangstel, my nou al kontak.

Ons gaan veral borge nodig hê. So, dink asseblief en kom met voorstelle.

Hiermee wil ek vir eers volstaan. Sterke aan almal met hulle werksaamhede. Sterkte ook aan ons kinders met die baie bedrywige sportprogram. Hoop die kort vakansie wat voorlê gaan vir julle almal 'n ruskansie bied.

---

Twee mans kom uitgestap by die drankwinkel. Gert sê vir sy vriend: "Koos, jy moet die karwag ‘n 'tip' gee!" Koos: "O ja, amper vergeet ek." Koos draai sy venster af en sê vir die karwag: "Moenie direk in die son kyk nie, dis sleg vir jou oë."

# SWAZILAND 4 – 13 JULIE 2014

Vier Sawanante begin die kuier by Mankele, so kort duskant Nelspruit. Talbot en Hettie van Rooyen, van streek Bosveld, begin al hier saam met die Tarentale kuier, en die eerste kampvuur brand gou. Ons gaan nou wel nie bergfiets ry, soos die meeste besoekers aan Mankele nie, maar kry ons oefening op en af tussen die stalletjies by die Innibosfees Saterdag.

Sondagoggend eet ons lekker saam ontbyt, wag tot die ys gesmelt het op die tente (dis koud by Mankele!) en pak op. Die rit Jeppes Reef toe is heerlik rustig en ons is gou deur die grenspos en pak die opdraandes van Swaziland. Met al die kyk en eet langs die pad, kom ons ook maar laterig by Buhleni aan waar ons die week gaan bly. Wayne en Tammy Soekoe en Phillip en Ina Meyer het al klaar kamp opgeslaan en almal kry gou staanplekkie – al gaan die opslanery aan tot donker. Gelukkig wag daar hope hout en almal maak hulself warm langs die vuur.

Die Bamboo-loo met sy pragtige keramiek wasbakke en heerlike warm storte, het ons skoon gehou die hele week.

Die week wat volg is heerlik – ons wissel af tussen kyk en koop – kerse, glase, lappe en sommer mooi goed - met besoeke aan Mlilwane en Hlane en museums. Een dag ry ons almal saam met Kieren se bus na Maguga dam sodat almal die natuur kan bewonder en nie die kronkels in die pad dophou nie. Mens kan maklik 'n hamburger toer aanpak in Swaziland! Ons dog ons maak self lekker hamburgers vir middagete in Hlane, toe beveel Phillip die Swazi de luxe aan by Swazi Candles die volgende dag.

Ons dog dis 'n GROOT burger, tot ons by Maguga Lodge hulle burger eet! Hoe sê hul nou weer in Ingels? HUMUNGOUS!

Ons werk darem aan al die lekker eet met die stappie langs die Klein Komati af by Matenga Cultural Village – dit vat nogal aan spiere om met jou handsakkie oor die skouer met klippe op te klim en aan boomtakke te hang! Die dansvertoning het darem genoeg motivering gegee om bietjie fikser te raak!

Die agt kinders kon na alles hul ekstra energie uithardloop en speel onder die pekanneut bome van Buhleni. En elke aand het Talbot die vuur begin en Wayne het dit aan die gang gehou tot LAAT, en elke aand was die hoop hout groter. Ongelukkig het Sondag en die einde van die tydjie in Swaziland aangebreek. Die wildsreservate is nie groot nie, maar het die pragtigste diere en hoeveel renosters stap sommer so naby rond en hul het hul horings.

Die inkopies was goed, die natuur absoluut pragtig, die weer lekker en ons was elke dag besig en het steeds nie die helfte van al die moontlikhede besoek nie. Na boekevat en heerlike ontbyt deur Wijëon beplan, moet ons weer terug huistoe.

Dankie aan almal wat die kuier so aangenaam gemaak het en Steyn wat so getrou die agterhoede gedek het en gesorg het dat almal gehelp word en veilig by hul bestemmings aankom, ongeag of dit nou pap voertuigbattery was of oorverhitte verkoelers.

Sarie Podges

# Emanzini oord Vrede

# 22-24 Augustus 2014

### SAWA Suid Oos vier 25 jaar.

Die woonwaens het van vroeg Vrydagmiddag af begin intrek langs die dam. Nadat almal klaar opgeslaan het is daar saam boekevat gehou en almal is verwelkom. Die bomas is aan die gang gehou vir bietjie hitte en verder moes die OBS en heerlike sop help om ons van binne warm te kry. Die organiseerders het gesorg vir verskeie heerlike sop en lekker broodjies. Die aand is afgesluit met lekker Swaziland koffie.



Na 'n koue nag was almal darem Saterdagoggend by die registrasie en herinner van die veiling later die oggend. Die kinders was baie bly oor die springkasteel wat hulle die hele dag besig gehou het.Tydens die veiling is heerlike koek, melktert, likeur en nog vele meer opgeveil.





Dankie aan almal wat 'n bydrae gemaak het en vir die wat so lekker gekoop het. Ons het 'n mooi bedraggie ingesamel.

Daar was darem 'n kort ruskansie voordat ons weer almal bymekaargekom het vir die algemene jaarvergadering.

Tydens die vergadering is belangrike punte bespreek en die Luiperds nooi ons om saam te kamp die naweek van 19-21 September 2014 op Badplaas aangesien ons September kamp op Bethal gekanselleer is.



Ons bespreek ook die 2015 kampprogram. Nuwe bestuur word aangewys, geluk Koos Gunter Voorsitter, Steyn Fourie Ondervoorsitter, Rina Gunter Sekretaresse, Willy Smith Penningmeester en Wilma Mostert en Sarie Podges addisionele lede. Sterkte met jul taak wat voorlê.



Nadat almal lekker onder die komberse gaan rus het is daar reggemaak vir die formele Dinee by Vrede Hotel. Hennie en Sarie het ons almal vriendelik ontvang met 'n geskenkie en glasie sjerrie



Daar is baie moeite gedoen met die versiering van die tafels en ons wil graag dankie sê vir almal se moeite die tafels het mooi gelyk.



Voorgereg is bedien waarna ons 'n heerlike hoofgereg geniet het. Sarie het 'n paar toekennings oorhandig en bedankings is gedoen. Die ete is afgesluit met roomys en malvapoeding. Nadat al die formaliteite afgehandel is het ons die kos afgedans en lekker gekuier.



Van die Luiperds het gesorg vir lekker lag die kinderen tot s het die aand geniet met hul eie tafel en vermaak.

Sondag het oom Koos Brink vir ons die erediens gelei waarna ons ontbyt pizza en wafel met roomys en aarbeie geniet het.

En so kom 'n lekker koue naweek tot 'n end en almal moet oppak en terug ry.



Dankie vir almal se moeite en beplanning vir 'n heerlike naweek. Dankie ook vir die Olifante, Luiperds en Oos Vaal wat die naweek saam met ons gekamp het.

Bennie, Izette en Zené de Klerk

# Kongres 13 September 2014

Die afgelope Kongres op 13 September, is deur myself en Steyn bygewoon. Baie geluk aan streek Wapadrand vir die voortreflike manier waarop hulle alles ge-organiseer en hanteer het.



Vrydagaand is ons bederf met heerlike hamburgers en is daar lekker saam gekuier. Saterdagoggend vroeg is almal met hul kisklere op 'n drafstappie Kongres toe.

'n Nuwe Nasionale bestuur is aangewys met Nico Spaumer as President, Jannie Meyer as Voorsitter ,Andre Knoetze as Ondervoorsitter , Martin Rix as Sekretaris, Vossie Vosloo as Penningmeester en Brian van Niekerk as Skakelbeampte. Sterkte aan hulle vir die enorme taak wat op hul wag.



## Kongres 13 September (vervolg)



Na die vergadering is weer heerlik saam gekuier en gelag. Sommige het selfs die swembaddens gaan aandurf.



Daarna is gereed gemaak vir die dinee. Soos gewoonlik was die dames weer spoggerig uitgevat en die een so mooi soos die ander. Dis mos hoekom hulle daar is, ons manne se regterhande, maar ook ons trots.

Sondagoggend was die erediens om 9:00 en daarna die afsluiting. Ons het daarna ontbyt gemaak en toe die slegste taak van die naweek aangepak ... namens die OPPAK gedeelte.

**Koos Gunter**

---

Die doodverliefde kêrel aan sy meisie: "Wat sal jy sê as ek jou vra om met my te trou?" Meisie: "Niks nie. Ek kan nie terselfdertyd lag en praat nie."

Anoniem

# Verjaarsdae

## Julie 2014

1—Steyn Fourie

10—Bennie de Klerk

10—Ria Brink

17—Barbara Brink

25—Connie Smith

27—Marisca Meyer

30—Marius van Wyk

## Augustus 2014

2—Rozelle Graaf

6—Ryno Smith

6—Izzete de Klerk

11—Johan Graaf

17—Dries Swarts

## September 2014

13—Albert Kruidenier

15—Koos Gunter


# Verjaarsdae


## Oktober 2014

6—Caren Fourie

8—George Markgraaff

13—Rohan Graaf

17—Gerdina

29—Nerissa Oosthuizen

31—Jannie Viljoen

## November 2014

10—Willy Smith

18—Ria Vermeulen

## Desember2014

25—Alta Van Rensburg

28—Hennie Podges

*Verjaarsdae ... of ons nou daarvan hou of nie, ons almal het een. Op 'n stadium kan ons nie daarvoor wag nie, dan kom 'n tydperk wat ons dit wil vergeet en effe later vergeet ons dit in elk geval. Mense het altyd iets te sê oor ouderdom. Loer bietjie na hierdie waarhede: "'n Diplomaat is iemand wat altyd 'n vrou se verjaarsdag onthou, maar nooit haar ouderdom nie." (Robert Frost)*

# 8 tot 10 Oktober 2014

## Nasionale kamp by Koppisol

Waar tydens SAWA hul 45ste verjaardag vier. Dit beloof om 'n groot Makietie te wees. Aangesien die kamp by Bethal gekanselleer is wil ek tog vra dat soveel as moontlik van ons daarheen sal optrek. Sal julle graag daar wil sien. Kyk verder in die boekie vir die besprekings vorm. Dis reeds deurgegee aan die voogde en is ek seker dat almal reeds daarvan bewus is.



# NASIONALE SAAMTREK – KOPPISOL

# 10 – 12 OKTOBER 2014

## Besprekings vorm

Voltooi asseblief die onderstaande vorm ten einde plek te bespreek by Koppisol vir die bogenoemde saamtrek. Die Senior burgers kamp reeds vanaf Woensdag 8 Oktober. Die volgende inligting word verlang;

Lid no:______________ Naam en van: ___________________________________

Streek: ____________________________ Aantal Volwassenes : _____ Kinders:____

Merk een van die volgende:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Naweek tarief - gewone lid | | R | 400,00 | Per woonwa vir 'n gesin van 4, 1 voertuig per staanplek | |
| Kamp plaatjie | | R | 20,00 | | |
| Totaal | | R | 420,00 | | |
| | | | | | |
| Senior burger naweek tarief | | R | 280,00 | Slegs 2 persone waar beide ouer as 60 is en nie meer werk nie | |
| Kamp plaatjie | | R | 20,00 | | |
| Totaal | | R | 300,00 | | |
| | | | | | |
| Ekstra voertuig | | R | 20,00 | per dag (Betaalbaar by ontvangs) | |
| Ekstra persone – tot maksimum 6 | | R | 30,00 | per persoon per nag (Betaalbaar by ontvangs) | |
| | | | | | |
| Tarief vir Senior burger saamtrek | | R | 75,00 | per nag - betaalbaar by ontvangs by aankoms | |
| Tarief vir gewone lede vooraf | | R | 110.00 | per nag betaalbaar by aankoms | |
| Senior burger kamp plaatjie | | R | 20,00 | Betaalbaar by die Penningmeester | |

***Geen honde of motorfietse word toegelaat nie.***

Tarief sluit Saterdagaand ete in.

Bespreking en betaling moet die kantoor voor 3 Oktober 2014 bereik om die bespreking te bevestig.

Betalings moet gemaak word aan:

SAWA

Absa Boksburg

Rek no 230155771

Tak kode 632 005

Stuur bewys van betaling aan die SAWA kantoor by Faks **088 011 918 0699** of E-pos sawa@absamail.co.za

Alle betalings gedurende die kamp by die Nasionale Penningmeester.

# Voogdelys

| | |
|---|---|
| **Koos Gunter** | **082 925 3162** |
| HENNIE ESTERHUIZEN | 082 780 0569 |
| GEORGE MARKGRAAF | 017-811 6103 |
| LOURENS OOSTHUIZEN | 017-610 2933 |
| DRIES ZWARTS | 017-712 6119 |
| **STEYN FOURIE** | **082 921 2092** |
| DIV DE VILLIERS | 017-714 1915 |
| ALBERT KRUIDENIER | 017-712 4647 |
| THEO VILJOEN | 017-714 1238 |
| MARIUS VAN WYK | 083 340 8768 |
| **RINA GUNTER** | **082 788 5325** |
| LOUTJIE GREYLING | 034-331 3036 |
| RODERICK SMUTS | 083 288 3596 |
| GERHARD VERMEULEN | 083 307 7459 |
| HENNIE WENTZEL | 082 856 7852 |
| **WILLY SMITH** | **083 556 9430** |
| RYK BRINK | 082 258 3316 |
| RYNO SMITH | 017-712 6943 |
| ALTA VAN RENSBURG | |
| **SARIE PODGES** | **082 335 3821** |
| PIET BOTHMA | 034-318 2021 |
| KOOS BRINK | 017-712 2544 |
| MIKE DAMES | 034-331 3818 |
| JOHAN GRAAFF | 074 104 0234 |
| **WILMA MOSTERT** | **073 941 1380** |
| BENNIE DE KLERK | 017-712 0436 |
| MARISCA MEYER | 084 764 1045 |
| JANNIE VILJOEN | 017-714 0306 |

# Tarentaal

## Die gespikkelde fenomeen van die Afrika-bos

DAAR is 'n interessante legende oor die naam van ons bekende Madagaskar-tarentaal. Sy wetenskaplike naam is *Numida mitrata,* maar hy word ook *Numida meleagris* genoem. Meleager was 'n figuur in die Griekse miologie en die seun van Oideus. Toe Meleager dood is, was sy suster so bedroef dat sy verander het in 'n voël waarvan die vere met trane bedrup was. Hierdie voël was die tarentaal.

Vanweë hierdie ou legende en ander beskrywings weet ons verseker dat die tarentaal reeds in ou Griekeland bekend was. Trouens, die ou skrywers beskryf die tarentale so goed dat 'n mens maklik die verskillende soorte kan herken. Maar ná die Romeinse tyd is daar in die Griekse letterkunde baie minder verwysings na hierdie soort voëls, wat kan beteken dat hulle baie minder kon geword het of selfs in daardie wêrelddeel uitgesterf het.

Dit is einste die Madagaskar-tarentaal wat kort ná die Westerlinge se ontdekking van Amerika in die Nuwe Wêreld ingevoer is. Die mak tarentale het so goed in daardie geweste geaard dat hulle gou aangeteel en naderhand weer heeltemal wild geword het. Tarentale word as gesellige voëls beskryf. Hulle kom altyd in troppe voor. Hulle word geredelik mak, maar hou van ruimte en 'n mens moenie probeer om hulle op hok te hou nie. Hulle hou ook nie rêrig van hoenders nie en baklei met hulle, word vertel.

In Engels word die tarentaal 'n *guinea-fowl* genoem, en dit is waarskynlik geregverdig om af te lei dat dit iets met Guinee in Wes-Afrika te doen het. Die Nederlandse benamings vir die voël is *poelepetaat, poelepintade* of *poelepetane*. Dit kom uit die Frans: *poule pintade (poule* beteken hoender en *pintade* beteken gespikkeld).

In Afrikaans ken ons ook *poelpetaan* en *poelpetater,* maar oor die benaming *tarentaal* is daar veral 'n interessante teorie. Die voël sou aanvanklik as *die Terra Natal-voël* bekend gestaan het (die voël van die land van Natal), wat toe volksetimologies tot *tarentaal* vervorm is.






# Kampkos

## SKOTSE EIERS:

Om Skotse eiers te maak het jy een hardgekookte eier nodig per persoon. Rol die eiers in "n bietjie meel.

Die vleis is maalvleis wat gebruik word om wors mee te stop.

Tradisionele boerewors pas perfek by hierdie eiers.

Jy het omtrent 60 g vleis per eier nodig.

Maak die eier aan alle kante toe met die vleis.

Jy sal eindig met iets wat lyk soos 'n groot vleiseier. (Meatball met n eier in die middel)

Klits een eier by 125 mℓ melk vir 'n mengsel waarmee jy die vleiseiers verf.

Nadat jy dit met die eiermengsel geverf het rol jy die eiers in broodkrummels.

Diepbraai die eiers tot hulle mooi bruin is.

Moet nie te haastig wees met die braai nie.

Die vleis moet gaar word, so een eier moet ten minste 3 to 5 minute in die olie wees.

Koel die eiers af vir 10 minute voor jy dit bedien.

Sny in die lengte oop wanneer jy dit voorsit.

Sorg dat daar 'n paar druppels sterk mosterd byderhand is vir die eiers.

Die eiers is steeds lekker saam met 'n stuk brood en 'n bier.

**Uit By Kos vir kampeerders**

## WENKE WAT WERK:

.As jy minder trane wil stort wanneer jy uie skil of kap, plaas die ui eers in die yskas.

* Laat aartappels op hul punte in `n muffinpan staan as jy dit in die oond bak. So word hulle gouer gaar en kan jy die hele spul tegelyk uit die oond verwyder.

* As jy ferm knoffel wil koop, soek die wat vol en rond is en vermy die wat sag en muwwerig is. Die kleiner soort knoffelhuisies het meer geur.

* As jy mielies oor die kole wil braai, week die mielies met blare en al in water voor jy dit op die rooster plaas.

Die blare sal moontlik brand, maar die pitte nie en jy sal vind die pitte het `n heerlike, botterige smaak.

**Uit By Kos vir kampeerders**

# SAWA Suid-Oos Kuikens presteer:

Wijoën Mostert het dit weer gedoen, op die 27 September het hy twee goue medaljes verower. Mooi so Wijoën een van die dae sal pappa n trofee kamer moet aanbou.

Zander Fourie, Charné Fourie en Wijoën Mostert is dan ook gekies om in Oktobermaand aan die Karate SA's deel te neem. Ons hou duim vas dat julle goed presteer.




Nerissa Oosthuizen het Mpumalanga dogters onder 16 jukskeispan gekry waar hulle in Desember aan die SA Junior Kampioenskappe gaan deelneem op Jukskeipark in Kroonstad.



Geluk Nerissa en mag jy en jou span goeie resultate kry.



Charné Fourie en Wijoën Mostert is ook tydens die 25ste verjaardag viering van Suid-oos as Junior Suid-Oosters' van die jaar aangewys. Geluk julle twee en ons hoop dat julle vorentoe nog groter kampeerders sal word.



# SAWA

## ONDERSKRYF

## DIE VOLGENDE WAARDES

**Christenskap**

**Lojaliteit**

**Respek**

**Integriteit**

**Eerlikheid**

**Diensbaarheid**

**Verdraagsaamheid**

**Verantwoordelikheid**

Die Tarentaal word uitgegee deur die **Suid-Oos streek** van **SAWA**. Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae impliseer nie dat dit nie noodwendig die standpunt van SAWA is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die Redakteur verantwoord.